

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-05-23

DIE STAAT teen :

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21  
ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en  
ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS  
ADV. P. FICK  
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON  
ADV. G. BIZOS  
ADV. K. TIP  
ADV. Z.M. YACOOB  
ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS :

LUBBE OPNAMES

VOLUME 406

(Bladsye 23 634 tot 23 699 )

DIE HOF HERVAT OP 23 MEI 1988

EDWARD THABO MAHLALELA, nog onder eed - (deur tolk)

MR YACOOB: May I raise two matters. Firstly Mr Ramakgula, accused no.9, is not here today. I understand that your lordship has granted leave in respect of his absence on Friday. Then accused no.17, Mr Matlolle, has an appointment at the Johannesburg general hospital tomorrow and would like to ask your lordship for leave of absence for him for tomorrow.

COURT: Yes, it is granted.

KRUIISONDERVRAGING DEUR MNR FICK: Net voor ek met kruisver- (10 hoor begin is daar net een aspek wat ek graag wil verneem. Die hoofondersoekbeampte in die saak moet gaan vir 'n operasie. Nou wil ons net vasstel is die reses van die begin van Julie tot die einde van Julie?

HOF: Ja, Julie.

MNR FICK: Ek wil net weet, hy wil ook reëlings tref.

HOF: (Samesprekings met assessor in agtergrond) Net so 'n comblikkie, mnr Fick. Ja.

MNR FICK: Dankie, edele. Mnr Mahlalela, u het vir die hof gesê u was in 1984 in die Hwiti-skool te Mankweng? -- Ja. (20 Het u daar behoort aan enige organisasie? -- Waar, in Hwiti? Ja. -- Nee.

Was u nie lid van COSAS nie? -- Nee.

Kan u vir die hof sê om watter rede is u weg by die Hwiti-skool? -- Ja.

Waarom? -- Ek het nie geld gehad om die onkostes te dek van Hwitiskool nie. Marobathota se geld is baie laag in vergelyking met Hwiti se geld wat 'n mens moet betaal.

Toe u by Hwiti-skool was, was Moses Manale saam met u op skool daar? (30

HOF / ..

HOF: Kan ek net iets opklaar? Maar is Hwiti nie 'n staatskool en die ander een 'n kerkskool nie? -- Dit was 'n staatskool gewees, ja.

En was die kerkskool goedkoper as die staatskool? -- Ja, daar is 'n verskil. Die kerkskool is goedkoper.

Dankie.

MNR FICK: Nou Moses Manale, was hy saam met u by Hwiti-skool? -- Ja, hy was 'n skolier van Hwiti.

Nou is dit so, hy is ook in 1984 daar weg? -- Van waar af, van Hwiti? (10)

Ja. -- Nee, in 1985 is hy eers weg van Hwiti.

HOF: Is dit begin van 1985? -- Ek is net nie seker of dit die begin of die einde was nie, maar dit was in 1985.

MNR FICK: Was dit voor hierdie gebeure op 16 Junie 1985 wat u oor getuig het? -- Dit was na dit.

Was daar in 1984 by hier Hwiti-skool nie oproer en onluste nie? -- Nee, daar was nie.

En in 1985? -- Ek kan nie so goed onthou nie.

Is dit nie die rede waarom hierdie Moses Manale by Hwiti-skool weg is nie omdat hy daar betrokke was in oproer en hy (20) is toe geskors? -- Hoe Moses die skool verlaat het daar weet ek nie.

Ag nee, meneer, u het mos saam met hom geloop en u ken hom tog nou. Het hy nooit vir u gesê maar kyk ek is nie meer in die skool nie, ek is geskors nie? -- Nee, hy het my nie gesê nie. Ek het wel saam met hom geloop maar hy is nie 'n vriend van my nie.

Nou op hierdie vergadering van 16 Junie 1985, is u alleen seontoe? -- Ja, ek was alleen.

Nou u sê vir die hof hierdie vergadering is gereël (30) deur / ..

deur MACA. Wat het u gaan maak by die vergadering? -- Ek het van iemand gehoor dat daar 'n vergadering gaan wees waar daar gebed gaan word vir die mense wat dood is en die persoon sê toe dit is 'n herdenkingsdiens eintlik, nie 'n vergadering nie, na aanleiding waarvan ek besluit het om ook daardie herdenkingsdiens by te woon.

En hoe weet jy hy is gehou deur MACA? -- Ek het van die mense gehoor in die lokasie toe dit deur die mense genoem was.

Het jy nie pamphlette gesien wat die vergadering adverteer in die woongebied nie? -- Nee, ek het nie 'n pamphlet gesien (10 nie.

Ek wil aan jou stel hierdie vergadering is nie deur MACA gehou nie, maar deur MAYCO en COSAS. -- Nee, dit weet ek nie van nie.

Nou verstaan ek u reg, u sê vir die hof dat hierdie vergadering het hier ongeveer 14h00 begin en net na 15h00 is hy klaar? -- Ja.

Ek wil aan jou stel hierdie vergadering het nooit klaargemaak 15h00 nie. As jy 15h00 daar weg is, is jy weg voor die vergadering klaar is. -- Nee, toe ek daar weg is toe was dit (20 alles klaar.

Nou hierdie mngr Manale wat u sê daar gepraat het op die vergadering toe u daar gekom het, was dit die pa van Moses Manale? -- Ja.

En sê u vir die hof u het net vir Willy Letswalo gehoor 'n toespraak maak? -- Ja.

En dit wat u vir die hof gesê het is al wat hy gesê het? -- Wat ek op die huidige oomblik onthou ja, want hierdie het lank terug plaasgevind. Daar is wel dinge wat hy gesê het wat ek nie meer kan onthou nie. (30

Is / ..

Is dit nie so dat hy ook gesê het julle moet verenig nie? -- Ja, hy het dit gesê.

Het hy nie gesê die vroue en die kinders en die werkers almal moet saam verenig om julle vryheid te kry nie? -- Hy het wel gesê dat mense moet verenig soos deur u genoem, ja, maar hy het geen melding gemaak van die vryheid wat bereik sou word nie.

Nou wat het hy gesê waarvoor moet die mense verenig? As hulle nou verenig is wat moet hulle doen? -- Dat hulle saamwerk.

HOF: Saam..? -- Saamwerk.

(10)

Werk vir wat? -- Wat hy daarby bedoel het weet ek nie want hy het ook nie gesê nie.

Wat het u gedink bedoel hy? -- Ek het nie eens daaraan gedink wat hy daarby bedoel het nie.

MNR FICK: Nou is daar gepraat oor die jeug, die kinders en skoliere en hulle probleme? -- Nee.

Was hierdie dag nie 'n herdenkingsdag ter herdenking aan die probleme van die skoliere nie? -- Dit was ja.

En was daar enige vryheidliedere gesing? -- Ja, so 'n paar.

(20)

Laat ons hoor watter? -- Ek onthou van een, "Hlanganani Bazali".

En die volgende een? -- "Mayibuye i-Afrika".

Nog? -- African anthem van..

Wat is die ding se naam? -- Nee, ek kan nie meer onthou nie.

Het julle gesing van Mandela? -- Ja, in 'n hoekie daar was 'n klompie gewees wat oor Mandela gesing het maar die voorsitter van die vergadering het hulle gestop en gesê hulle moet ophou daarmee, hulle moet nie daarvan sing nie.

(30)

Wie / ..

Wie was die voorsitter gewees? -- Dit is eintlik nie die voorsitter nie. Die persoon wat besig was met 'n toespraak, mnr Letswalo wat heel voor daar was, is die persoon wat hulle gestop het om op te hou daarvan te sing.

Was dit terwyl hy besig was om te praat dat hulle daar begin sing het? -- Ja, dit is na hy so 'n kort rukkie gestop het om te praat, dat hulle begin het om te sing. Net voor hy weer begin het om te praat. Met ander woorde, dit is omdat hulle hom in die rede geval het dat hy nie verder kon praat nie dat hy hulle gestop het. (10)

HOF: Jy meen 'n kort rukkie gestop om asem te haal? -- Ja.

MNR FICK: Is daar op 'n later stadium gesing op die vergadering van Mandela? -- Nee, op die ou end was daar nie meer singery gewees nie.

Was daar gesing van Tambo? -- Ja kyk, die lied wat gesing is net voor hulle gestop is, het melding gemaak van beide Tambo en Mandela.

In die lied het hulle verwys na Tambo en Mandela wat hulle leiers is? -- Die lied wat hulle gesing het was in Zoeloe. Ek verstaan nie Zoeloe nie. Wat ek wel vir die hof kan sê is (20) dat ek kon hoor die mense is besig om te sing en in die singery melding word gemaak van Mandela en Tambo.

En sê net vir die hof hierdie mnr Letswalo, is hy lid van enige organisasie wat u van weet? -- Watter organisasie?

Soos MACA. -- Destyds het ek nie geweet nie. Ek het nou net, nie lank terug nie, gehoor dat hy 'n lid was van MACA in daardie tyd wat hy die toespraak gemaak het.

En was daar enige besluite geneem op hierdie vergadering terwyl u daar was? -- Ja.

Wat was die besluite? -- Op die einde van die vergadering (30) het / ..

het hulle nou besluit dat dit alles verby was en dat hulle huis toe gaan.

Nee, ek wil aan u stel daar was 'n ander besluit wat u nie vir die hof van wil vertel nie. Ek wil aan u stel dat hierdie mense was so opgesweep oor wat daar gebeur het op hierdie vergadering dat hulle besluit het hulle gaan die mense ontmoet wat van die vergadering af kom wat gehou is by die universiteit van die Noorde. -- Nee, dit weet ek nie van nie.

Nou u sê vir die hof u is daar by die vergadering weg en u is na 'n huis toe langs die kerk? -- Ja. (10

Wie se huis is dit? -- Dit is Maake se huis.

HOF: Maake? -- Dit is korrek.

MNR FICK: Wat is sy naam? -- Lebogang is sy voornaam.

En toe u na die huis toe is was Shadrack al saam met u of nie? -- Ja, hy was saam.

Het u vir Shadrack by die kerk ontmoet? -- Ja.

En Moses? -- Ek het nie vir Moses by die kerk gesien nie.

Ek wil aan u stel Moses was ook daar by die kerk saam met u gewees. -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek het hom nie by die kerk gesien nie. (20

En wat het u by Maake gaan maak? -- Lebogang is saam met my by dieselfde skool en ons het huiswerk gehad. Die volgende dag was 'n Maandag gewees dus het ek boeke gaan kry om my huiswerk te gaan aanpak.

Nou hoe lank was u by dié huis gewees? -- Dit is omtrent negentien minute.

Nou waar is al die mense toe u daar uit die huis uitkom, wat by die vergadering was? -- Die mense was al uiteen gewees.

Ek wil aan u stel meneer, dat julle het nie gaan boeke haal vir huiswerk nie. Julle is daar in en julle het 'n trui(30

gekry / ..

gekry en julle het daar uitgekom onmiddellik en julle is saam met die ander klomp mense wat by die kerk was in die pad af. -- Nee, ons het nie 'n trui gaan kry daar nie.

Ek wil aan jou stel dit was nie net na 15h00 nie, dit was na 17h00. -- Nee, dit is nie so nie. Wat ek van weet is dat dit was tussen 15h00 en 16h00.

Nou die mense wat daar uit die kerk uit gekom het, het hulle in stilte daar uitgekom of het hulle nog gesing? -- Hulle was stil.

Nou u kom toe daar by die huis uit en waar is u toe (10 heen? -- Huis toe.

Toe is u saam met wie? -- Ek en Lebogang en Shadrack is saam uit die huis uit. Nie ver nie het Lebogang weer terugkeer na die huis toe.

U en Shadrack loop nou en wat gebeur toe? -- Ja.

Wat gebeur nou terwyl jy en Shadrack daar loop in die pad? -- Ons loop toe en op pad huis toe kom ons by 'n kruising waar ons mense gesien het wat vanaf die rigting van die kampus gekom het. Hierdie klomp mense het gesing.

Hoeveel mense was hulle ongeveer? -- Ongeveer twee (20 honderd.

Het hulle enige wapens by hulle gehad? -- Nee, nie wat ek gesien het nie.

En het hulle vryheidsliedere gesing of kerkliedere of watse liedere het hulle gesing? -- Wat ek gehoor het dat hulle sing is "Hlanganani Bazali".

Toevallig dieselfde lied as wat julle gesing het? -- Wat ek gehoor het, ja.

HOF: Wat beteken dit? -- In Sotho wil u weet?

Wel, as ek dit reg het is dit 'n Zoeloe lied? -- Ja, (30

dit / ..

dit is Zoeloe.

Nou wat beteken dit? -- Ek verstaan dit nie so goed nie.

Wat dink u beteken dit? -- Ek ken nie Zoeloe so goed nie.

Ek hoor net dit is 'n lied wat gesing word.

Weet u nie wat dit beteken nie? -- Nee, ek weet nie.

Hoekom sing julle almal Zoeloeliedere daarbo? -- Ek weet ook nie.

MNR FICK: Hoe ver was hierdie groep van u toe u hulle nou hoor aankom en sing? -- Hulle was nie baie ver nie. Dit is net bietjie moeilik vir my om 'n skatting te gee vanwaar ek staan(10 maar as ek soontoe moet kyk, dit wil sê die ingang van die hofsaal aan die publieke kant, dit is buite daardie deure, 'n endjie ver buite daardie deur. Ek kan nie sê hoe ver nie.

Sover soos 'n sokkerveld lank is? -- Omtrent driekwart van die lengte van 'n sokkerveld.

En op watter stadium sien u nou die polisie die eerste keer? -- Ons het op die mense gekonstreer wat besig was om te sing, dit is die klomp, vir 'n rukkie na hulle gekyk. Toe ons weer nou omkyk om verder aan te stap sien ek toe dat daar polisievoertuie was wat aankom. (20

Kom hulle nou van die rigting waarin u wil stap of 'n ander rigting? -- Ja, in my teenoorgestelde rigting.

U was toe nog nie deel van hierdie groep wat loop en sing het nie? -- Nee, ek was nie.

Hulle was nog ver van jou af? -- Ja, nog ver van my maar besig om aan te kom.

En wat maak u toe? -- Wat toe gebeur het is ek het toe gedink om terug te gaan na Lebogang se huis toe, maar toe ek omkyk en agter my kyk in die rigting van Lebogang se huis sien ek toe dat daar nog 'n ander voertuig van daardie rigting af (30

kom / ..

kom.

En hierdie polisievoertuie het niks gemaak nie, hulle het net aangery gekom, is dit reg? -- Die voertuie het aangery gekom. Hulle het nie vinnig gery nie. Daar was wel mense wat agter by die voertuie gestaan het.

Nou hoekom het u nie geloop soos u wou geloop het nie, na Lebogang se huis toe of na u huis toe nie? -- Ek het nou myself in 'n moeilike posisie bevind dat ek nie geweet het wat 'n mens kan doen nie. Op die ou end vind ek myself nou na die mense toe gaan, dit is die klomp. (10)

Nee wag nou, man. Daar kom polisievoertuie in die pad aan en hoekom het u nie by hulle verby gestap na u huis toe of na Lebogang se huis toe nie? -- Hulle het ook van Lebogang se huis se rigting af gekom, ook van vooraf. Die enigste kant waar ek nou nie polisie gesien het nie is hierdie kant vanwaar die mense gekom het, so ek het soontoe gestap.

Nee, u het niks verkeerd gedoen nie sê u vir die hof. U is nie deel van die klomp wat gesing het nie, in die straat geloop het nie, waarom het u nie verby die polisie geloop nie? Antwoord net die vraag. -- Destyds was ek nog jonk gewees. (20) Ek het nie eintlik verstaan wat gebeur nou nie.

Ag asseblief antwoord nou die vraag. Waarom het u nie net normaalweg aangestap ðf na u huis toe ðf na Lebogang se huis toe nie? -- Hier sien ek die polisie kom vanaf die rigting waarin ek wou gegaan het, dit wil sê op pad huis toe en ek besluit toe om liewers terug te gaan Lebogang toe. Ek sien die polisie kom ook van daardie rigting af. Nou ja, die enigste rigting waarvan nie polisie gekom het nie is waarvan dié klomp gekom het. Ek het gevind dat ek nou myself in daardie rigting gestap het van hierdie klomp mense wat sing. (30)

Kyk / ..

Kyk, ek stel aan u die rede hoekom u so sukkel om die vraag te antwoord is omdat u hier staan en leuens vertel. -- Ek praat die waarheid. Ek het hier kom staan en gesê ek praat die waarheid.

Nou ek sal aan jou stel wat daar gebeur het. Jy was saam met daardie ander groep. Julle het by die hek ontmoet, julle is na die Mankweng polisiestasie toe, die hele lot, want daar het julle gaan klippe gooï en daar het die Lebowa polisie julle uitmekaar uit gejaag met karwatse en dit is hoe jy beland het by die universiteit van die Noorde. Jy het soontoe gehard- (10 loop. -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Nou wag, gaan nou aan op u weergawe. U sê u is nou daar na die universiteit van die Noorde toe. Het u die plek geken? -- Nee, nie so goed nie.

En nou gaan u soontoe en wat maak u toe u nou daar kom? -- Toe ons by die hek inkom daar sien ek vir Joel wat ons toe nooi na sy kamer toe.

HOF: Nou waar u die eerste keer die optog gesien het, dit wil sê toe u by die optog aansluit ongeveer, hoe ver was dit nou van die hek van die universiteit af? -- Dit was nie baie(20 ver gewees nie. Ek skat van ongeveer waar ek staan na die ingangsdeur van die gebou, die voorkant van die gebou.

Dit is dan nader as die afstand wat u netnou gegee het van driekwart van 'n sokkerveld? -- Ja, dit is nader maar as ek dit vir die hof so kan stel, hierdie distansie wat ek nou noem plus die driekwart van die lengte van die sokkerveld is die distansie vanaf waar ek was terug by die hek toe ek hulle vir die eerste keer gesien het.

Kan ek nou net vir u sê dat ek skat die afstand vanwaar u is tot by die ingang op 50 meter. Daardie ander afstand wat(30

u / ..

u gegee het is 75 meter. Dan beteken dit dat die optog, die groep mense nog binne die terrein was toe u hulle die eerste keer gesien het? -- Nee, nee, hulle was buite die terrein.

Ja, nou kom ons probeer weer. Hoe ver sê u toe u by die optog aansluit was u toe vanaf die hek van die terrein? -- Hulle was ongeveer die lengte van die sokkerveld, ver vanaf die hek toe ek by hulle aangesluit het.

Ja, dit is ongeveer honderd meter. Ja?

MNR FICK: Dankie, edele. Nou u is toe na hierdie studente toe? -- Ja. (10)

HOF: Was dit studente? -- Ja, volgens my waarneming was hulle studente.

En as ons nou praat van studente dan onderskei ons hulle van studente? -- Ja.

Ons praat van universiteitstudente? -- Ja.

MNR FICK: Nou Shadrack is saam met u soontoe? -- Ja, hy is saam met my soontoe.

En julle sluit toe aan by hierdie studente? -- Ja.

Het julle toe saam met hulle gemarsjeer, aangeloop? -- Nee, hulle het toe gehardloop in die rigting van die hek. (20) Ons het saam gehardloop in die hek in.

Nou wanneer het die studente nou begin hardloop? -- Wat gebeur het is ons het net by hulle gekom toe die polisie nou om die hoek gekom het, dat die polisie sigbaar was vir hulle; dat hulle toe onmiddellik omgedraai en weggehарdloop het.

En waarheen hardloop julle toe, jy en Shadrack?

HOF: Kan ek net duidelikheid kry? U sê die polisie doen basies niks nie. Toe hulle om die hoek kom, toe hardloop die mense weg? -- Ja, teruggehарdloop.

MNR FICK: En jy hardloop toe saam? -- Ja. (30)

Hoekom/..

Hoekom? -- Kyk ek is weg van daardie punt af omdat ek nie geweet het watter rigting om te vat nie en het toe die rigting geneem om by hulle uit te kom. Hier is ek nou by hulle en hier begin hulle hardloop. Ek het toe verder aangehardloop met hulle.

Waarheen hardloop u? -- In die kampus in.

Waarheen? -- Ek het vir Joel daar ontmoet. Ons is toe na Joel se kamer toe.

Ja, maar u hardloop nou by die hekke in en hoe lank daarna het u toe vir Joel ontmoet? -- Ongeveer as die hek hier by (10 my is in die getuibank, na ek ingekom het was die distansie vanwaar ek staan na die agterkant van die beskuldigdebank. Dit is waar ek Joel ontmoet het.

HOF: Tien meter.

MNR FICK: Was Joel een van die klomp wat geloop en sing het, van die studente? -- Ek het hom nie tussen die klomp gesien wat gesing het nie. Ek het hom vir die eerste keer gesien binne op die perseel nadat ek by die hek ingekom het.

Maar hy het jou seker gevra wat gaan aan en wat hardloop jy voor? -- Nee, hy het my nie gevra nie. (20

Hy sê sommer net u moet na sy kamer toe kom? -- Ek het hom eers gesien en hom op sy naam geroep. Na aanleiding daarvan sê hy toe ja, kom julle saam met my na my kamer toe.

Nou in watter stadium het u vir Moses ontmoet, volgens u? -- Ons het hom ook by die hek gesien.

Wag nou. Is dit nou na julle weggeharnloop het en in die hek ingegaan het, in die terrein ingeharnloop het dat jy vir Moses gesien het? -- Ek het hom by die hek gesien. Terwyl ons by die hek was het ek hom gesien.

Nou u sê vir die hof u en Shadrack was alleen gewees (30

nog / ..

nog voor julle die polisie teëgekom het? -- Ja.

Nou was jy en Shadrack en die groep studente wat gesing het die enigste mense op die paaie daar wat jy gesien het op daardie stadium? -- Nee, daar was klompies kinders, skoliere daar wat ook by hierdie groep van studente aangesluit het en saam gehardloop het in die perseel van die kampus in.

Nou jy het seker vir Moses gevra toe jy hom daar ontmoet, wat maak jy as skolier hierso by hierdie kampus? -- Ek het hom nie gevra nie want ek is nie 'n man wat hom altyd gesien het wat weet wat eintlik sy doen en late was nie. (10)

Nou toe die klomp studente nou daar by die terrein inhарdloop by die kampus, wat maak hulle toe daar? -- Nee, volgens my het ek niks gesien wat hulle gedoen het nie behalwe wat ek vir die hof kan sê dat na hulle gesien het dat daar polisie kom het hulle teruggehарdloop op die perseel. Ek het saamgehарdloop, dit is al.

Nee maar wag nou. U is nou ook op die perseel saam met hulle. Wat maak hierdie studente nou daar op die perseel? -- Nee, maar ons is in die perseel in en toe verder weg. Hulle het agtergebly daar in die nabыheid van die hek waar hulle (20) geraas het.

En die polisie waar was hulle toe jy hulle gesien het? -- Die laaste keer wat ek die polisie gesien het was toe hulle nog aangekom het.

Julle gaan toe nou daar na die kamer van Joel toe, volgens u, is dit reg? -- Ja.

Nou die kamers het seker vensters? -- Ja.

Julle was seker nuuskierig om te sien wat gaan nou hier aan? -- Waar?

Die geskreeu wat julle hoor daar by die hek? -- Nee, (30)

ons / ..

ons het nie geweet wat daar gebeur nie. Ons het ook nie belang gestel om te sien nie.

Ag nee, asseblief, jy is een van die mense wat daar weg-gehاردloop het en nou stel jy nie belang in wat verder gebeur het nie? -- Ja, ek mos nou nie meer om nie, ek is weg. Ek het niks gesien wat daar gebeur nie.

Jy wou nie weet hoe lank moet jy sit in die kamer en wanneer kan jy uitkom, wanneer is dit veilig om by hierdie plek weg te kom nie? -- Nee, ons het net die geraas gehoor. Ons het gewag dat die geraas moet ophou, dan sal ons uitstap. (10)

En toe die geraas volgens u nou opgehou het, het u nie toe uitgestap nie? -- Toe die geraas vir die eerste keer opgehou het sê Joel dat ons nou moet nog wag om seker te maak dat die geraas nou heeltemal opgehou het, dan sal ons maar kan loop.

Selfs op daardie stadium het julle nog nie belang gestel om te kyk wat aangaan nie? -- Nee, ons het nie gekyk nie.

En toe hoor julle daarna weer 'n klomp lawaai? -- Ja, dié het nou van heeltemal 'n ander kant af gekom.

En toe was julle nog steeds nie geïnteresseerd om te hoor wat dit is nie? -- Nee, Joel is 'n persoon wat daar woon. (20) Ons het net geluister na wat hy vir ons gesê het.

En toe julle uiteindelik daar uit is, waarheen is julle? -- Ons is terug met die pad wat ons gebruik het om daar in te kom met die oog daarop om huis toe te gaan.

Is hierdie trap wat jy van praat aan die buitekant van die gebou? -- Dié is aan die buitekant maar dit is toe aan die kante. Jy kan nie ver sien nie, tot by die vlak waar jy nou weer 'n vlak kry wat nie trappe het nie, daar is 'n opening daar waar jy kan sien.

HOF: Kan ek net vra, is die trappe aan die twee punte van (30) die / ..

die gebou of is die trappe aan die agterkant van die gebou? --  
Aan weerskante kry jy die trappe.

En die gange van die gebou as 'n mens nou by die hek staan  
is dit aan die agterkant van die gebou of aan die duskant van  
die gebou? -- Nee, ek volg nie watter gange praat u van nie.

Kyk, dit is seker 'n drie of vier verdiepinggebou. Om  
by die afsonderlike kamers te kom moet 'n mens tog seker in 'n  
gang loop? -- Wat gebeur is as jy opgaan met die trappe, as  
jy byvoorbeeld by die eerste verdieping kom dan sal jy die  
ingang kry wat jou toegang gee tot daardie verdieping. As (10  
jy onmiddellik by daardie deur inkom dan kry jy die kamers aan  
weerskante, dan in die middel is die gang.

Dankie.

MNR FICK: Nou op watter verdieping was u en die ander persone  
toe julle die polisie gesien het toe julle uitgekom het? --  
Vierde vloer.

En waar het julle die polisie gesien? Waar was hulle? --  
Die polisie was op die grond gewees, daar onder op die grond.

In 'n voertuig of met die voet? -- Hulle het gebruik gemaak  
van 'n voertuig. Hulle het met 'n polisievoertuig gery, dié (20  
se bak agter is oop so die polisie het agter op die oop bak  
gesit.

HOF: Was dit 'n bakkie of was dit 'n groter voertuig? -- Van  
bo af waar ek dit sien het dit vir my gelyk asof dit 'n klein  
voertuig was.

MNR FICK: En u sê vir die hof voor stap Shadrack en dan stap  
Moses en dan stap u? -- Ja.

En toe julle nou daar by die vlak kom waar dit oop is,  
was die polisie besig om verby te ry toe jy hulle sien? -- Nee,  
nee, hulle is nie besig om te verby nie, hulle is besig om (30

in / ..

in daardie rigting van ons te kom.

HOF: Dit ry na julle toe? -- Na ons te ry, ja.

MNR FICK: En toe die skoot afgaan toe ry die polisie nog? --

Net na ek die geklap van die skoot gehoor het, het ek onmiddellik teruggedraai so ek kon nie sien of die voertuig gestaan het of wat gebeur het nie.

Nee, wag nou, voor jy die klap gehoor het. Toe jy die polisie gesien het. -- Dit is wat ek sê. Na die geklap van die skoot het ek nie gesien wat van die polisie geword het nie.

Ek vra voor jy die klap gehoor het van die skoot, toe jy(10 die polisie die eerste keer gesien het; toe julle vassteek, was hulle besig om te ry na julle toe? -- Ja.

En in die ry toe sien jy hulle skiet? -- Die voertuig was besig om nader te kom na ons toe.

En die polisieman wat skiet sit agter op die bak? -- Nee, nee, ek weet nie wie het geskiet nie; waar het die persoon gesit nie. Of hy agter gesit het of voor gesit het. Wat ek sê is dit, die voertuig kom aan; die polisie sit daarop. Jy hoor die geklap van 'n skoot, dit is al.

En verstaan ek u reg, daar was een skoot geskiet? -- (20 Nee, dit was omtrent drie skote gewees.

Nou hoekom het jy in jou hoofgetuienis net gepraat van een skoot? -- Ek het nie spesifiek gesê dat daar net een skoot gevuur was nie.

Nou die eerste skoot wat afgegaan het is iemand getref daar van julle? -- Ek sê ek het skote gehoor dat daar gevuur word en ek het onmiddellik teruggedraai. Na ek teruggedraai het later hoor ek Moses skreeu.

Nou het Moses nie ook onmiddellik teruggedraai na die eerste skoot nie? -- Nee. (30

En / ..

En wanneer het u gehoor Shadrack is getref? -- Na die skote skree Moses. Ons het teruggegaan om te gaan kyk wat gebeur het. Toe ons by Moses kom kyk ek vir hulle en sien dat Shadrack ook beseer is daar verder aan.

En julle het hulle toe teruggevat saam met julle? -- Ja.

En het die polisie kom soek na hulle? -- Nee.

Is dit reg dat Shadrack en Moses is gevat na die Groot-hoek hospitaal toe? -- Dit weet ek nie. Ek het net gehelp met die dra van mense in die voertuig in.

HOF: Was Moses ook beseer? -- Ja, hy was ook beseer. So (10 tot by die voertuie kan ek vir u sê dat hulle tot by die voertuie gedra was, maar verder toe hulle daar weggyer het, in watter rigting hulle gegaan het of na watter hospitaal toe hulle is weet ek nie.

MNR FICK: Ek wil aan u stel u getuienis hieroor is ook nie die waarheid nie. Daar by die kampus voor Moses beseer is was daar 'n klomp padversperrings aangebring in die pad en daar is brandende voorwerpe in die paaie gesit by die kampus en daar is met klippe gegooi na die polisie; hulle kon nie daar inkom nie. Het jy niks daarvan gesien nie? -- Ons was (20 binnekant gewees. Vanwaar ons was kon ons nie sien wat daar buite gebeur nie.

Nou ek wil ook aan u stel dat hierdie persone is nie beseer waar u gesê het op die vierde vloer nie, hulle is op die grond, onder op die terrein van die universiteit is hulle beseer. -- Nee, dit is nie die waarheid nie.

ASSESSOR: Was dit die derde vloer of die vierde vloer? -- Met die trappe af vanaf die vierde vloer, as jy na die derde vloer toe gaan kom jy met die trappe af en dan kom jy by 'n plek wat gelyk is daar. Dit is tussen die derde en die (30

vierde / ..

vierde vloer, op daardie gelykte daar waar die mense beseer is.

HOF: Is dit op 'n punt waar die trappe van rigting verander?

-- Ja.

ASSESSOR: Maar wat het julle op die vierde vloer gaan maak?

-- Dit is waar Joel gebly het.

Nee, jy het gister gesê of Vrydag, ekskuus, Joel het op die derde vloer gebly. -- Nee, hy bly op die vierde vloer.

MNR FICK: Kyk, ek wil aan u stel julle klompie het deelgeneem daar op die kampus aan die klipgooiery en die padversperringsmakery en die aanval op die polisie. -- Nee, ons was nie (10 daar nie.

En toe die polisie uiteindelik toegang gekry het tot hierdie perseel het hulle begin skiet onder die aanvallers. Julle was bang dat as die mense beseer gekry word deur die polisie dan sou hulle weet dit is van die mense wat betrokke was in die klipgooiery en toe het julle hierdie persone gaan versteek en julleself by die koshuise. -- Nee, die polisie het daar - verskoning, die beseerde persone is per voertuig weggegneem.

Ek sal nou daarby kom. Is dit reg dat die Groothoek hospitaal is ongeveer 70 km van Pietersburg af? -- Nee, ek (20 weet nie wat die distansie in kilometer is tussen Pietersburg en Groothoek nie.

HOF: In watter rigting lê Groothoek van Mankweng af? -- Dit is aan jou linkerkant van Mankweng af.

As jy op jou kop staan of as jy op jou voete staan? -- Nee, ek verstaan dit nou nie.

Ek verstaan dit net so min wat u vir my beduie. Vertel my nou of rigting van Tzaneen of rigting van Pietersburg, of vertel my oos of wes of noord of suid, dan kan ek verstaan.

-- Dit is aan die suidekant. As 'n mens nou van Mankweng af (30

ry / ..

ry in die rigting van Johannesburg direk.

Dankie.

MNR FICK: Is dit nie so nie, as mens van Mankweng af wil ry na Groothoek toe dan ry jy deur Pietersburg? -- Daar is verskillende paaie wat 'n mens kan gebruik om by Groothoek uit te kom. Daar is wel 'n pad wat 'n mens kan gebruik wat ek van weet wat deur Pietersburg gaan, maar daar is nog ander paaie wat 'n mens kan gebruik om by Groothoek uit te kom sonder om deur Pietersburg te ry.

Ek vra jou so, Groothoek is baie verder van Mankweng af (10 as Pietersburg? -- Ek was nog nie by Groothoek gewees self nie. Ek weet wel dat dit in daardie rigting is. Ek kan dus nie sê hoe ver lê Groothoek vanaf Mankweng af nie.

HOF: Waarheen gaan 'n mens normaalweg as jy hospitaal toe gaan van Mankweng af? -- Gewoonlik gaan die mense na Pietersburg se hospitaal toe.

MNR FICK: Groothoek is naby Zebediela? -- Ja.

Nou ek stel aan u dat julle het spesifieke daarop aangedring dat hierdie persone wat die beseerdes vervoer moet hulle nie Pietersburg toe vat nie, maar moet verbyry Groothoek (20 hospitaal toe. Julle wou nie dat die polisie van hierdie mense weet nie? -- Of daar nou enige opdragte aan die mense gegee was van voertuie wat om te doen met die beseerdes of nie, dit weet ek nie. Al wat ek van weet is dat die beseerde persone hospitaal toe geneem word.'

Nou Shadrack is later oorlede, is dit reg? -- Ja, ek het later gehoor dat hy die volgende dag oorlede is.

En het jy êrens heen gegaan na die polisie toe of enige ander plek en gesê kyk, ek weet, ek was 'n getuie dat hierdie man onskuldig geskiet is deur die polisie. Ek wil 'n (30 verklaring/..

verklaring maak. -- Nee, ek was mos nie geroep nie. Ek kan nie soontoe gaan sonder dat ek geroep word nie.

Nou Shadrack was 'n lid van die Mankweng Youth Congress, is dit reg? -- Nee.

Want dit word so gesê in BEWYSSTUK C.134 en dit is 'n dokument uitgereik deur Mankweng - deur MAYCO, SAAWU, Noord-Transvaalse FEDTRAW, Ministers' Fraternal, COSAS en AZASO. C.134, volume 8. -- Nee, ek weet nie daarvan nie. BEWYSSTUK?

C.134. Dit is in volume 8. -- Bladsy?

Die eerste bladsy. -- Eerste bladsy.

(10)

Die derde reël van bo af. Dit sê daar:

"Following the brutal, callous and cold-blooded murder on June 16, 1985, of our resident youth and comrade, Shadrack Mafokwane of Mankweng Youth Congress."

-- Ja, ek sien dit.

Wil jy nou rerig vir die hof sê dat hierdie vriend van jou vir jou nooit vertel het hy is lid van Mankweng Youth Congress nie en jy het dit ook nie geweet nie? -- Nee, al wat ek geweet het is dat hy in Mankweng gewoon het. Wat lidmaatskap betref, dit het ek nie geweet nie.

(20)

En is dit so, jy het ook gehoor, jy weet daarvan dat Shadrack is te Groothoek hospitaal oorlede? -- Ek het die volgende dag gehoor dat hy gesterf het op pad hospitaal toe. Na watter hospitaal toe dit was weet ek nie. Ek het aanvaar dat hy op pad was na Pietersburg se hospitaal.

Jy het tot vandag toe nog nooit gehoor hierdie man was geneem na Groothoek hospitaal toe, die vriend van jou nie? -- Nee, ek het ook nie gevra nie want wat my betref hy was op pad hospitaal toe, dit wil sê in Pietersburg. So ek het nie gevra op pad waarheen was hy nie.

(30)

En / ..

En dan 'n laaste aspek, Moses Manale, wanneer laas het jy hom gesien? -- Ek het hom laas gesien in daardie tye gedurende 1985 wat ons van praat.

Is dit nie so nie, jy weet en dit is bekend daarso in Mankweng dat hierdie man het die land verlaat man, hy is by die ANC, Moses Manale. -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Edele, ek is klaar, ek sien dit is ver oor..

RE-EXAMINATION BY MR YACOOB: No further questions.

ASSESSOR: Het jy self gehelp om Shadrack en Moses in te laai in die voertuie of was jy nie by nie? -- Ek het gehelp om (10 die twee te dra van bo af tot na ondertoe waar hulle oorgeneem was deur ander mense wat dan die twee in voertuie ingelaai het.

Waar is hulle oorgeneem deur die ander mense? -- Ons was alreeds op die grond gewees.

GEEN VERDERE VRAE NIE

THE COURT ADJOURNS FOR TEA / THE COURT RESUMES

From Somerset East:

THAMI MBOTSHA, d.s.s. (through interpreter) -

EXAMINATION BY MR TIP: You are a man of 38 years old? -- That is so. (20

Are you currently employed as a driver with Crown Furnishers in Port Elizabeth? -- That is so.

And before you moved to Port Elizabeth did you live in Somerset East until September 1987 and were you working for the same company there? -- That is so.

Now I will begin by asking you a few general questions about Somerset East during the period 1984 to the end of April 1985. -- Yes?

During that period did you at any time see any posters or pamphlets issued by organisations there, advertising (30 meetings / ..

meetings or criticising councillors? -- No, I did not see that.

During that time were you at any stage aware of any campaign being conducted against councillors or any threats being made against them? -- No, I do not know of one.

Did you at any time hear any talk of violence to be conducted against any person or any property? -- No, there was no such, it never happened.

I want to ask you next about certain organisations in Somerset East and the first one is the Somerset East Youth Congress, SEYCO. -- Yes, I heard of SEYCO towards the end (10 of the year 1984.

COURT: Is it SEYCO OR SOYCO? -- SEYCO.

MR TIP: I want to ask you next about SERA, the Somerset East residents' association. Is it correct that you were elected the organiser of that organisation? -- Yes, that is so.

Now could you tell his lordship please when that organisation was formed and the circumstances that gave rise to it? -- I remember the time when this organisation was launched and the first meeting that was held. It was immediately after the government decided to ban all the meetings that were to be (20 held by the people and as a result of that there was a meeting which was held some time in April of the same year, that is when SERA was formed.

COURT: What year? -- 1985.

MR TIP: Were there any particular circumstances that led to it being formed? -- Yes, there were circumstances that led to the formation of this organisation but the most important one which in fact caused all that, was the question of the rent. During February and March, between the two, people had gone to pay rent only to find that their rent had been increased. (30

When / ..

When they wanted to know from when was this increase and how then the clerk would just show them a notice which was hanging behind the door, at the door. It happened to me as well.

Thank you. You have mentioned to his lordship that there was the first meeting in April 1985. Do you recall where that meeting was held? -- Yes, it was held in the community hall in the township.

COURT: What township? -- The Old Location. That is where the hall is.

K1390 MR TIP: Do you remember who the chairman was at that meeting. -- Wilson Ngwalangwala was the chairman. (10)

And could you tell his lordship please briefly what took place at that meeting, and what was concluded at it? -- At this meeting people were showing how much dissatisfied they were about the question of the increase of rent, that they did not know, they were not consulted about it; they only came to know about it when going to pay their rent. That is when paying they were told that their money was not enough and on questioning that they were just shown behind the door a circular that was hanging there. It was made known at this meeting by the community that they decided on calling this meeting in order to elect certain people who would go as a delegation to a Mr Rich to go and discuss this issue with him and draw his attention to the dissatisfaction of the people. (20)

COURT: Is Ridge Ridge or Rich? -- R-i-c-h.

Yes thank you. Was he the superintendent or something else? -- He was the superintendent.

MR TIP: And was a group of people elected at that meeting? -- Yes. I am one of those who were elected.

Now was this group given any mandate at that first meeting / .. (30)

meeting? -- Yes, they were mandated to go and see Mr Rich.

And was that mandate carried out? -- Yes, we went to speak to Mr Rich who was not prepared to listen to us.

